
Pieter Hugo
Assistentdirekteur: Metropool Beheergebied



## My grootste boek

Ek is seker daarvan dat ek kleutertyd gereeld saans met stories in die bed gesit is. Dit is net logies. Ek het in 'n boeke- en woordehuis grootgeword. Lees was so normaal én nodig soos asemhaal in my ouerhuis. Daar was rakke vol boeke oral in die huis.

Saam met al die baie boeke in die huis was daar ook baie mense. Veral kinders. Ons kinders het nie elkeen ons eie boekies besit nie. Alles was almal s'n. Later, in my hoërskooljare, was die eetkamertafel permanent vol stapels boeke, in die een of ander proses van uitsoek, sorteer of herstel. Dit is darem nie dat ons eet met lees vervang het nie. Lank voor dit het alle etes al na die kombuistafel verskuif, omdat die eetkamer ingespan is as my slaapkamer. Te veel mense, veral kinders. Ek was die vyfde kind in vyf jaar.

Toe die eetkamer ma se biblioteekwerkskamer geword het is 'n gedeelte van die garage afgeskort, natuurlik met boekrakke. Die motor het buite geslaap. Ek het in die gehalveerde garage geslaap. Die ander helfte was vol bokse boeke. Ma se biblioteek was die eetkamer vol. Ons het in die kombuis geëet. Alles logies en georganiseerd. Die probleem is net, met my uitskuif garage toe het my boek weggeraak.

Wat met 'n boks vol boeke van ons huis se rakke af begin het, het vinnig ontwikkel in 'n volskaalse openbare biblioteek met ma as stigter, ontwikkelaar, bibliotekaris en boekhersteller. Ek het 'n baie sterk vermoede my boek het in daardie heel eerste boks boeke na ma se biblioteek getrek.

Wag, laat ek nou eers verduidelik. Ma se biblioteek was nie ín ons eetkamer nie. Dit was maar net haar biblioteek se werks-kamer. Die biblioteek self was in 'n pakkamer in die kerksaal in Khomasdal, die bruin buurt in Windhoek waar my pa predikant was. Windhoek se dorpsbiblioteek was net vir blankes oop. Khomasdal het nie 'n openbare biblioteek of 'n enkele skoolbiblioteek gehad nie. Dan is dit mos heel logies dat ma 'n 'tuisgemaakte' biblioteek op die been sou bring. En heel logies dat my ou kinderboekie daarin sou beland. Ek was immers al in die hoërskool en my jonger sussies sou nie in my boekie belangstel nie.

Dit is nou ook nie asof dit my allerenigste boek was nie. Goeie aarde, nee! Ek het daardie garage-afskorting-boekrakke gou-gou vol boeke gehad. Soos wat ma se biblioteek in gewildheid gegroei het, het dit ook alom bekend geword dat sy boekskenkings soek. Windhoekers het nie meer boeke weggegooi nie. Hulle het dit by ons kom aflaai. Ek het altyd baie gretig help uitsoek. Die gemors van die bruikbare boeke help skei. Onnodige duplikate uitgewan. My eie versameling daaruit opgebou. Ek het nou nog van daardie boeke. Party van hulle het ek nou nog nie gelees nie. Maar, uit al die 1000'e skenkingsboeke het daar nooit weer 'n eksemplaar van my boek te voorskyn gekom nie.

Vir my sesde verjaarsdag het ma vir my my eerste nuwe baba-sussie huis toe gebring. Ek was nie juis opgewonde nie. Heel logies het ek besef dat ek voortaan saans sonder stories sou moes bed toe gaan. Te veel kinders vir te min ma.

Toe gee my ouma vir my 'n boek. Dáároor was ek opgewonde. Dit was 'n fantastiese boek. 'n Meesterstuk. Ek kon dit self lees. Ek het daardie boek oor en oor gelees. Myself geheel en al in daardie storie ingeleef. Die storie en prentjies is nou nog in my geheue ingegrafeer. Ek onthou nog hoe die middelbroerkarakter vir die ander sê hy is bang om te veel te dink, want hy is seker sy kop gaan ontplof van al die gedagtes. As ek my oë toemaak sien ek nog die drie seuntjies soos orrelpypies, groot na klein, langs hulle oom se helikopter staan. Net soos my drie ouer broers.

Ek sien ook in die geheueprentjies dat dit eintlik baie eenvoudige prentjies was. Nie eers in kleur nie. Ek vermoed ook dat dit maar 'n heel gemiddelde storie was. **Oom Deon se helikopter** het beslis nie oorleef as 'n klassieke kinderboek nie. Ek kan nie die skrywer onthou nie, maar oor die titel het ek geen twyfel nie. Indien die Biblioteekdiens dit wel in die 1960's aangekoop het, is alle kopieë lánkal opgelees en afgeskryf.

Nou bestaan ma se Khomasdal-biblioteek nie meer nie. Dit is lankal nie meer nodig nie. Namibië is onafhanklik en vry van apartheid. Ma werk nog steeds, jare reeds in 'n skoolbiblioteek. Dis glo baie beter as aftrede. Klink 100% logies vir my. Ek is baie lief vir my jonger sussies. Hulle kinders is mal oor boeke. En ek het, snaaks genoeg, uiteindelik 'n bibliotekaris geword. (Daardie *uiteindelik* is weer 'n ander storie, maar dis 'n ander dag s'n.)

Maar ek soek steeds na my boek. Ek het oor die jare al talle gróót, belangrike, lewensveranderende boeke gelees. Maar my boek, my **Oom Deon se helikopter**, het op die perfekte tyd sy landing in my sesjarige lewe kom maak. Oom Deon het my laat opstyg uit my bestaanskrisis van nie meer die 'baba' in die huis wees nie. Dit is dus heel logies dat **Oom Deon se helikopter** die ereplek op my geheueboekrak het as die eerste gróót, invloedryke boek in my lewe.